

# Liturgiese Riglyne

NAGMAAL

**SONDAGOGGEND 9:00**

*Koinonia met die Vader, die Seun  
en met medegelowiges*

**Skriflesing:** 1 Joh 1:1-10

**Teksvers:** 1 Joh 1:3,4,7

**Sing:**

Ps 92-1:1,2

Ps 9-1:1,7

Ps 40-1:4

Sb 2-4:1

Sb 17-3:1,2

Ps 116-2:1,2,3...

Ps 45-1:1,2,3

Lied 525:1,3

Sb 13-2

**Orrelis:** Corlea vd Walt

**Projektor:** Johan Hoogenboezem

**Klank:** Charl vd Bergh

**Prediker:** Ds Gerrit Kruger

Die tema van die jaar is; **Ons gee om...!** Hierdie omgee gaan nie oor 'n humanisme van omgee vir mekaar en om vir mekaar om te gee omdat daar humanistiese en eerstens menslike redes is om goed te doen nie. Hierdie Koinonia of Ons gee om vir mekaar lê wortel in dit wat die apostels en spesifiek die apostel Johannes met ons deel. Hy getuig daarvan dat hy as deel van die dissipels vir Jesus gehoor, en gesien en aan Hom geraak het. Hulle is lewende getuies van Jesus Christus wat waarlik die Seun van God die Vader is. Ons gemeenskap met mekaar is gegrond in hierdie gemeenskaplike geloof dat God ons Hemelse Vader is en ons sy kinders is. Ons het mekaar lief omdat ons dieselfde Vader het, dieselfde Verlosser en in dieselfde bootjie is as aangenome kinders van God wat uit God se genade leef.

Ons gaan na die volgende drie sake kyk:

- Gemeenskap met God die Vader.
- Gemeenskap met God die Seun.
- Gemeenskap met medegelowiges.

**SONDAGAAND 18:00**

*Dit is die Here alleen wat ons kan red en bevry*

**Skriflesing:** Daniël 6

**Teksvers:** Daniël 6:27, 28

**Sing:**

Ps 34:1,2,6

Ps 68:4,10

Sb 17-3:1, 2

Ps 116:1...

Ps 116: 9, 10

Ps 33:5, 6

Sb 13-2

**Orrelis:** Corlea vd Walt

**Projektor:** Susan Hoogenboezem

**Klank:** Hein Kaiser

**Prediker:** Ds Paul vd Berg

Het jy al gewonder wat jy sal maak as iemand jou konfronteer om te kies tussen jou lewe en jou geloof in die Here?

Op hierdie stadium van Daniël se lewe was hy al 'n bejaarde man. Hy het niks gehad behalwe sy lewe nie. Vir hom was dit egter belangrik om aan die Here meer gehoorsaam te wees as aan mense. Sy verbondenheid aan die Here, het hom daartoe in staat gestel om eenvoudig sonder ophef of vertoon voort te gaan om die Here te dien, te prys en te smee om genade.

Mag jy ook getrou bevind word in jou gehoorsaamheid aan die Here. Mag jou lewe ander mense lei om soos Darius tot die ontdekking te kom van Wie die Here werklik is.

# KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 43 Nr 03 28 Januarie 2018

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



## “Koinonia”

Die Griekse woord “Koinonia” se letterlike vertaling is gemeenskap met mekaar. Die Engelse woord “Fellowship” is dalk 'n beter beskrywing vir die betekenis van “Koinonia”. Hierdie jaar-tema van “Ons gee om...” vir mekaar, spruit voort vanuit hierdie Griekse woord.

Hierdie omgee of gemeenskap of “fellowship” is nie maar somer net 'n goeie Christelike gawe nie, maar dit het daarmee te doen dat ons almal as aangenome kinders van God, as een groot gesin, as een groot familie na mekaar moet omsien, omdat God ons Hemelse Vader ons as sy kinders uitgekies het. Die Vader het ons so lief dat Hy sy Enigste Seun, Jesus Christus, self ware God, gestuur het om vir ons aan die kruis te sterf, te betaal met sy eie bloed vir al ons sondes. Hy het ons gered van die verderf. Omdat Jesus Christus vir ons gesterf het en betaal het en opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, om vir ons plek te berei, moet ons God liefhê, sy Seun, Jesus Christus liefhê en moet ons mekaar liefhê. Hierdie liefde is nie maar om mekaar somer net te ken nie, maar om werklik vir mekaar om te gee.

Soos wat jy heelwaarskynlik vir jou boeties en sussies omgee, self vir die wat totaal of radikaal ander persoonlikhede het, so moet ons vir mekaar omgee.

Hierdie omgee het prakties te doen met die volgende:


- Ons moet mekaar aanspoor om God lief te hê. Heb 10:23, 24.
- Ons moet mekaar aanspoor om ywerig saam te kom in die eredienste om God te aanbid. Heb 10:25.
- Ons moet mekaar aanspoor om Jesus Christus lief te hê! 1 Joh 3:16.
- Ons moet mekaar aanspoor om vir mekaar goed te doen omdat ons broers en susters in die geloof is. 1 Joh 3:11.
- Ons moet ywerig ons broers en susters bedien wat nog buite die gemeenskap van die gelowiges is dmv evangelisasie, onder andere om 'n lig vir die wêreld te wees, om sout vir die aarde te wees.

Veral moet ons in hierdie “groot” gemeente bereid wees om uit te reik na mekaar, na oumense, na jongmense, na swaarkrymense, na siekes, na eensames. Kom drink saam tee na die erediens. Groet mekaar. Wees lief vir mekaar **WANT** God het ons lief soos ons is. God het ons lief en het ons losgekoop met die bloed van sy eie Seun. As ons Vader ons so liefhet, moet ons mekaar ook liefhê.

Ds Gerrit

## ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00  
Engelse Diens: 11:00  
Sothodiens: 12:30  
Afrikaanse Aanddiens: 18:00



Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614

Faks: 012 664 0004

Epos: Kerkkantoor—[kerkkantoor@gkcenturion.co.za](mailto:kerkkantoor@gkcenturion.co.za)

Basdenlaan 226

Lyttelton

0140

Ds Maarten van Helden: 012 664 1384/ 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 012 347 0494/ 084 263 2055

**Lidmate se kontakbesonderhede:** Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander: [admin@gkcenturion.co.za](mailto:admin@gkcenturion.co.za)

### KOLLEKTES

Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Sustentasie

**DIENSBEURTE:** Ouderlinge: Casper Venter

Alethea : Jaco Basson

Diaken: Hendri vd Walt

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk [Riaanvs.home@gmail.com](mailto:Riaanvs.home@gmail.com) 072 436 4763

**KOMMUNIKATJIE ELEKTRONIES:** [www.gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za)

**EREDIENSTE OP INTERNET:** <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON:** TOEP:: [kerkdienstgemist](http://kerkdienstgemist.nl)

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/[esmel.prins@gmail.com](mailto:esmel.prins@gmail.com) vir navrae

**KATKISASIE:** Vandag: Les 1; Ps 116:1

Volgende week: Les 2; Ps 123:1

**KLEUTERKATKISASIE (2-5jr):** Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).

### Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Rek no: 600 340 409

### inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Rek no: 600 280 589

### inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters

Bank: ABSA Lyttelton

Rek no: 600 340 417



## Senior Aksie

Die Senior Aksie vergader weer Maandag, **5 Februarie 2018** om 10:00 in die kerksaal. 'n Kletsprogram gaan aangebied word waar jy jou eie storie kan vertel.

Alle lidmate bo 65 word uitgenooi om by ons aan te sluit. Ons vergader gewoonlik die eerste Maandag van elke maand van 10:00 af. Ons jaargeld beloop R80 per persoon per jaar.

Onthou u vrywillige bydraes vir Eljada Huis

Bring 'n bord vingerhappies saam vir tee na die verrigtinge

**Almal baie welkom**

## Eljada Huis

Eljada het vir 2018 'n borg gekry vir al hulle rys en meliemeel. Enige blikkies kos, koffie, tee en suiker is welkom.

Ek verneem graag of daar iemand is wat graag betrokke wil raak by huis Eljada se oggend godsdiens. Dit sal ongeveer 1 x per kwartaal wees en op Dinsdae vanaf 8h30. Kontak asb vir Petra by 0829277324 [petraswa@gmail.com](mailto:petraswa@gmail.com) as u belangstel om hiermee te help.

Petra 082 9277324 /Pierre 082 688 7495/

Eljada Huis 072 855 8289

## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin

**30 Jan om 19:00**

in die konsistorie

Bevestig asb met ds Gerrit 082 964 5595/  
Kerkkantoor 012 664 2614

## Nagmaal-ete

U word hartlik uitgenooi na die nagmaal-ete

**28 Januarie 2018**

om 12:00

Diakonie verskaf: Hamburger en Pregorol

Bring asb saam:

⇒ Eie eetgerei, glase, drinkgoed.

⇒ Stoele.

⇒ U is welkom om 'n gazebo te bring.

Gr RR, R en 1-ouers!  
OPEMAAND BY CCL: ELKE DAG IN FEBRUARIE



Kennis begin met die dien van die Here (Spr 1:7)

Verseker dink julle reeds aan watter skool die regte plek vir **jou kind vir 2019** is! Verseker is jou kind se skooljare **baie** belangrik. **Wat is dit wat vir jôu belangrik is?**

Wil jy jou kind in totaliteit – holisties – opvoed en laat opvoed? Is dit dan genoeg vir jou kind om in die laer grade net 'n Jesus-storie te hoor? Wat van in die hoër grade? Kry jou kind net soveel geestelike kennis as akademiese kennis? Is dit genoeg om te sê: die skool lees en bid darem nog! Is jou kind emosioneel in 'n veilige omgewing? Is staatsonderrig en naskoolse bedrywighede by die laerskool naaste aan jou genoeg vir jou kind? Is die basiese leerplan regtig genoeg vir jou kind? Is die vol klaskamer die plek vir jou kind?

Is jy bewus daarvan dat daar 'n **bekostigbare** laerskool *binne jou omgewing* is wat vir jare reeds onderwys gee op die manier hoe gepraat en gedink word **soos in jou huis en in jou kerk** van God en die lewe gepraat word? Weet jy van die **skat** van 'n skool in jou bereikbare midde? 'n Skool wat **uitnemende** akademiese en ander prestasies opgelewer? Weet jy dat daar 'n instansie is wat jou geloofsbelange op die hart dra? Die **Instituut vir Christelike Onderwys (ICO)** ondersteun ouers se grondwetlik reg om ruimte dat hul kinders opgevoed kan word volgens God se wil.

Soveel ure per dag is jou kind blootgestel aan ander mense – verseker soek jy mense rondom jou en jou kind wat **soos jy dink en doen en glo**. 'n Skool wat nie net *dinge* leer nie, maar ook leer van die *Skepper van al die dinge*? 'n Skool wat jou kind **soveel méér bied as die gewone**?

Het jy al moeite gedoen om met ouers wie se kinders in **Centurion Christelik Laerskool** is/was te praat? Om **eerstehands te hoor** van die uitnemende *akademiese standaard* van onderwys en *holistiese opvoeding*? Van die *sport en kultuurgeleenthede* waar elkeen kan deelneem? Van CCL as *Eko-skool*? Van *Bybel-kennis en -insig* wat geleer word lewenslank jou kind 'n *geestelike voorsprong* gee? Gaan kyk wat bied CCL op akademiese, geestelike-, sport-, kultuur-, ekologiese en gemeenskapsvlak! Kyk gerus na die *webblad* en *veral FB* wat 'n idee gee van wat by CCL gebeur.

CCL is inderdaad 'n skat in ons midde! Vind meer uit en gee jou kind die **volle Christelike opvoeding** wat elke Christen-kind behoort te kry om as gelukkige en toegeruste rentmeesters die lewe in te gaan!

**'n Paar ouers met wie jy kontak kan maak:**

**Ouers met leerders wat nou al in die hoërskool of op universiteit is:** Pieter en Marietjie Bos - 0723293-108; Madelein en Gerrit van Zyl - 0832724884; Heidi en Frans van der Walt - 0829028032. **Ouers met 'n leerders in Gr R en RR:** Annuscha en Frikkie Pöhl 0826714708; Corlia en Frikkie van Biljon – 0729954488; Lodewyk en Rentia Joubert 0823291888; Petro en Louis Noëth – 0828732051. **Ouers met 'n leerders in Gr 1:** Dion en Marique le Roux – 0828506459; Morné en Shirleen Lourens – 0836157043; Phillip en Mandy de Lange – 0722607546; Markus en Elouis Killian – 083363370. **Ouers met 'n leerder in Gr 2-7:** AJ en Liezel Barnard – 0834703731; Rikus en Jenna Fischer – 0834464502; Jean en Elsie Schröder – 0828755272; Albert en Jackie Olivier – 0722263102; Izak en Anneke van der Merwe – 0722077532; Maadian en Ronel Botha – 0825578818; Markus en Mariejtje Stoltz – 0813300796; Nicolai en Hester van der Merwe – 0713822573; Cilliers en Cornelia du Preez – 0734443444; Gawie en Hannelie Meyer – 0833746987; Cobus en Tessa Buys – 0836622924.

OPEMAAND: FEBRUARIE: 012 654 7577; web en Facebook – Centurion Christelike Laerskool

## Ons gee om vir Mekaar

"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6



- Albie Venter sterk tans in Unitas hospitaal aan na motorongeluk (B5—0836316638).
- Marieta Fourie sterk tans in Unitas hospitaal aan na motorongeluk (C5—082 776 715).
- Marietjie Kniep het geval en sterk tuis aan (B7—664-5246).
- Irene Prinsloo sterk tuis aan na 'n besoek aan die hospitaal (B13—071 753 256).
- Gaudeo vd Heever is tans in Unitas hospitaal vir uitgebreide toetse (C2—664 4663).
- Nannie du Plessis het goed herstel na haar rugoperasie (B11—653-1578).
- Meelewing word betuig met Anneleen Swanepoel sowel as familie en vriende van haar vriend, Johan Gebhardt (vroeër lidmaat van die gemeente), wat oorlede is.

**Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra**

## Welkom

- Welkom aan Jaco Erasmus van Nieu Zeeland wat by sou ouers Danie en Ronel Erasmus kuier.
- Welkom aan Leon Swanepoel van Nieu Zeeland wat hier is vir die begrafnis van sy broer.

## Nagmaal

Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word vandag tydens al drie ons eredienste bedien.

## Bybelskool van Centurion 2018

bied aan

### Woorde van Redding

Aanbieder: Ds Maarten van Helden

Dinsdag 6 Februarie 2018 tot Dinsdag 27 Maart

GK Centurion Kerkzaal: 19:00 – 20:30

Koste R200pp

Inskrywings Ellouis 012 664 2614 (soggens)/ Johan 082 386 8986

Kom ondersoek die verskillende woorde en tema rakende ons verlossing. Begrippe soos wedergeboorte, versoening, verlossing, vrymaking, regverdiging, vrypraak, heiliging, word in diepte bespreek. Kom leer weer die taal wat die Bybel praat! Kom vind meer geloofsekerheid.

**Almal welkom**



## Nuwe Intrekkers

Daar word Woensdagaand, **7 Februarie**, om 19:00 'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

Alle nuwe lidmate van die afgelope **drie maande** is welkom om dit by te woon.

## Oggend Gebed

Dierbare Vader, dankie vir hierdie vars, nuwe oggend. Vandag wil ek alles in U Hande los en net Vertrou.



U tyd, nie my tyd nie.  
U wil, nie my wil nie.  
U plan, nie myne nie.

DANKIE LIEWE HEER  
DAT U ALTYD  
IN BEHEER IS!

Amen

## Alethea Ministry 11:00 (Lord's Supper and Sunday School)

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>  
Everyone welcome!!

## JUSTIFIED BY FAITH ONLY

If one has a look at the Christian church in general and we also hear how the world accuses us, then it is no wonder if the Lord's opinion of us could cause, uncertainty in our hearts. Should only part of it be true... then the Lord should have wiped us all from the face of the earth a long time ago! Why does He not do it?

Our own conscience accuses us with good reason, to have already transgressed against His commandments so many times. And yet there is grace to be found from the LORD.

It is a similar scene that is displayed in the prophetic vision of Zechariah that we look at here, and then the solution follows. Salvation through Christ alone.

Everything is pure mercy from God's side!

Zechariah 3:1-10

Ds Maarten van Helden

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (012664-0685) [centurionflorist@discoverymail.co.za](mailto:centurionflorist@discoverymail.co.za).

**Hoop & Help Life Coaching en Pastorale Berading**, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257 vir 'n afspraak. Depressie, trauma, verhoudings, besighede, studente en leerlinge almal welkom.

**Martin's** Begrafnisdienste Centurion. Gemoeidsrus tydens 'n moeilike tyd. Begrafnisse, verassings, begrafnispolisse en repatriasies. Kontak 0126602028 of 24H: 0823004292. Adres: Lytteltonweg 65, Centurion

**Rusoord**—Ons bied 'n oggend dames tee aan op 3 Maart 2018 om 09:30 te NGK Lyttelton-Noord. R100 pp kontak Annamarie om kaartjies te bespreek 072 408 1354.

**GK Rietvallei** nooi Enkellopendes bo 35jaar uit na 'n Bring & Braai 10 Maart 2018 om 16:00

By GK Rietvallei, Umgenistraat 359, Erasmuskloof

Bring asb eie vleis, drinkgoed en eetgerei Vure en bykosse sal verskaf word.

Laat weet asb of jy kan kom by Heidi, 082 326 8968/heidim@vgi.co.za

GK Rietvallei

Enkellopende bedienings groep



## VERJAARSDAE

### BELYDENDE LIDMATE



### DOOPLIDMATE

28-Jan	Thinus	de Klerk	A04	346 8087	29-Jan	Resegofetse	Keitsemore	E01	078 820 6860	
	Lindie	de Souza	A11	079 732 9729			Franze	Kruger	A10	083 304 3322
	Dirk	Klößner	E01	082 928 7802			Luan	Potgieter	C09	082 902 2841
29-Jan	Marie	Jordaan	B10	654 3377	30-Jan	Lihan	Steenkamp	A14	079 504 7953	
							Alwinus	v Niekerk	B04	083 384 3305
30-Jan	Tewis	Groenewald	C10	082 667 3856	31-Jan	Kara	Holtzhausen	C05	083 412 8969	
	Ronelle	Hechter	A04	083 233 4268			Matthys	Louw	C10	082 815 4272
	Willie	Jordaan	A03	072 635 5172	01-Feb	Juandr�	Geldenhuis	C04	072 701 6358	
Christiaan	Nijeboer	A09	071 878 8888			Chanel	Snyman	B10	078 291 1999	
Driekus	Pieters	C07	663 4222	02-Feb		Paul	Kotze	B12	083 743 1858	
Dries	Roos	B09	654-1928			Deodat	le Roux	B04	083 277 5854	
Lettie	Smit	C01	751 7032			Carla	van Brakel	B05	082 787 6497	
	Anna-Marie	van Staden	A15	654 1851	03-Feb	Miane	de Jager	C05	082 582 2600	
31-Jan	Jan	Nel	C12	663 3443			Marthinus	v Staden	A09	072 367 1182
	Vorster	Swanepoel	B05	654 7654	<p><b>TEESKINKBEURTE</b> Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.</p>					
	Mieneke	Trichard	A03	662 1964						
	Mieke	vd Heever	C02	664 4663						
01-Feb	Chan�	Beumer	A09	083 441 8095	<p><b>28 Januarie</b> A06 Heidi van der Walt A08 Ronell Hoogenboezem A09 Nan Viljoen A11 Louisa van der Walt</p>					
02-Feb	Pieter	vd Merwe	C10	667 2151						
	Andries	Venter	A11	664 2222						
	Brenda	Venter	A02	664 4715						
03-Feb	Danie	Erasmus	B05	653 2726	<p><b>4 Februarie</b> A12 Bieuwkje Pretorius A13 Vakant B01 Rita van der Vyver B02 Nadine Momberg B03 Ronel Swanepoel</p>					
	Gerrit	van Zyl	C13	663 3882						
	Karin	Venter	B14	084 304 7881						